

## GESKIEDENIS EN GEOGRAFIE      TERUG AARDE TOE

**Lucille Heydenrych**  
*'niversiteit van Suid-Afrika*

*History and Geography were once assumed to be sister sciences so close in method and focus as to verge on representing two aspects of a single subject. Today they share nothing, not even regrets for what had been looked upon as a particularly promising alliance.*

*Edward Whiting Fo*

*As geografie die geringste kans kry, sal hy selfs graag van geskiedenis wil afskei!*  
*Fernand Braudel*

Suid-Afrikaanse historici openbaar 'n skromelike gebrek aan kennis van en belangstelling in geografie. Sommige huldig die naïewe standpunt dat geografie skaars meer as 'n kompendium van eenvoudige feite oor die ligging, grootte, grense, dorpe en produkte van verskillende lande is. Daar word soms gevoel dat geografie kwalik aan die maatstawwe van 'n wetenskaplike dissipline voldoen. Kritici verwys dikwels na geograue se "wollerige denke" en praat selfs van hul "akademiese maskerade."<sup>1</sup> Voorts word bespiegel of geografie tot die natuur-, sosiale of geesteswetenskappe behoort, en of dit werklik 'n eie studieveld het.<sup>2</sup> Die probleem word ingewikkelder wanneer 'n buitestaander vind dat geografie 'n soort "balkanisering" ondergaan het en dat geograue as't ware in geïsoleerde subdissiplines skuiling teen die toenemende kennisontploffing gevind het.<sup>3</sup> Navorsingsterreine in die dissipline het so vereng dat elke geograaf regmatig daarop aanspraak kan maak dat hy die enigste lewende gesaghebbende op sy terrein is.<sup>4</sup> Wat die vak se wetenskaplikheid nog verder in die gedrang bring, is dat geografie, soos 'n geograaf redelik onlangs erken het, min akademiese aansien geniet.<sup>5</sup>

Wat is geografie presies? Om by geograue 'n algemeen aanvaarde omskrywing van hul dissipline te kry, is futiel omdat hulle aansienlike meningsverskille daaroor huldig.<sup>6</sup> Wanneer geograue hulle wel aan 'n definisie waag bestaan dit of uit nikssegende uitsprake soos "geografie is dit wat geograue doen",<sup>7</sup> en "It is better to get on

T David, "Against geography" in J Bale, N Graves & R Walford (eds.), *Perspectives in geography education*, London, 1973, pp.14,25.

N Graves & T Moore, "The nature of geographical knowledge" in N Graves (ed.), *New movements in the study and teaching of geography*, London, 1972.

RH Fuson, *A geography of geography: origins and development of the discipline*, Dubuque, 19 p.115. In 1968 was daar nie minder nie as agt en vyftig subdissiplines van geografie.

R Lichtman, "The university: mask or privilege" in I Wallerstein & P Starr (eds.), *The university crisis reader*, 1, New York, 1970, p.108.

SP Jackson, "Geography as environmental science and the training of geographers", *The South African Geographical Journal*, 51, 1969, pp.4 – 5.

T David, "Against geography" ..., p.14.

M Simons, "What are geographers doing?" in J Bale, N Graves & R Walford (eds.), *Perspectives* p.51.

writing geography or researching in geography than to spend fruitless hours discussing its nature",<sup>8</sup> ðf uit lang, ingewikkeld omskrywings wat eerder verwarr as verklaar.

Die historikus het in 'n sekere sin begrip vir die probleem waarin geograwe hulle bevind, want geskiedenis is, net soos aardrykskunde, onseker, miskien selfs onsekerder oor sy metodes, en is nog minder as geografie in besit van 'n volmaakte herkenbare studierrein.<sup>9</sup> Dié tekortkominge ten spyt, poog die historikus tog om veranderinge in idees, kulture, ekonomiese, politieke entiteite, ensovoorts, oor verskillende tydperke heen te interpreteer. Op dieselfde wyse is die doelwit van die geograaf "the elucidation of the character of places and areas of the earth as that character reflects the interwoven phenomena of the world of man."<sup>10</sup> Die geografie is uiteindelik die sintese van die wyd uiteenlopende studierreine van die mens en sy wêreld: inderdaad probeer dit die afsonderlike elemente kombineer en as harmonieuze geheelbeeld aanbied.<sup>11</sup> Wanneer die geograaf en die historikus hul doelwitte in 'n breër raamwerk plaas en dissiplinêre grense en etikette ignoreer, oorvleuel die twee studierreine in so 'n mate dat die twee dissiplines mekaar voordelig kan aanvul.

Die historikus moet egter besef dat geografie 'n uiters dinamiese vak is en weens die aard van sy studierrein vandag vierkantig in die ruimte-eeu staan. Die dissipline het veral gedurende die afgelope twee tot drie dekades 'n algehele gedaanteverwisseling ondergaan; daar word selfs van 'n "rewolusie" in die dissipline gepraat. Die naoorlogse ontwikkeling in rekenaartegnologie, die toenemende beskikbaarstelling van massas gegewens, en so meer, het daartoe gelei dat die geograaf vandag uiters gesofistikeerde klassifikasietegnieke, kwantitatiewe metodes en hipotetiese deduktiewe modelle aanwend. Die "nuwe" geograwe se belangstellingsveld het ook van die tradisionele beskrywende omgewingsvraagstukke na die industriële samelewingsstrukture verskuif. Dit behoort die historikus egter geensins af te skrik nie. Die sogenaamde "Nuwe Geografie" is maar net nog 'n stadium in die ontwikkeling van 'n vak wat in die verlede dikwels herontdek en as nuut voorgestel is.<sup>12</sup> Daar is reeds in hierdie stadium 'n reaksie teen die "Nuwe Geografie"<sup>13</sup> en 'n nog "nuwer" een word bepleit, een wat minder meganisties en meer sosiaal bewus en betrokke by die samelewing is,<sup>14</sup> en een waar die mens weer sy status as aktiewe sosiale wese eerder as passiewe objek, teruggegee word.<sup>15</sup>

8. N Graves & T Moore, "The nature of geographical knowledge" .., p.17.

9. F Braudel, *On History*, London, 1980, p.114.

10. AH Clark, "First things first," in RE Ehrenberg (ed.), *Pattern and process, research in historical geography*, Washington, 1975, p.12. Vgl. ook E Stander, "South African geography -- trends and prospects". *The South African Geographical Journal*, 52, 1970, p.8.

11. B Galois, "Ideology and the idea of nature; the case of Peter Kropotkin", in R Peet (ed.), *Radical geography, alternative viewpoints on contemporary social issues*, London, 1977, pp.66 - 91. Vgl. ook WB Fischer, "Geography in contemporary education". *The South African Geographical Journal*, 53, 1971, p.15.

12. LD Stamp, *A commercial geography*, London, 1936, p.1; JNL Baker, *The history of geography*, Oxford, 1963, pp.87-90.

13. J Buursink, *Stad en ruimte; inleiding in de stadsgeografie*, Assen, 1980, p.319; L Guelke, "Problems of scientific explanation in geography", *The Canadian geographer*, XV, 17, 1971, pp.41 - 42; EA Wrigley, "Changes in the philosophy of geography" in RJ Chorley & P Haggett (eds.), *Frontiers in geographical teaching*, London, 1970, p.17.

14. WR Mead, "The course of geographical knowledge" in RU Cooke & JH Johnson (eds.), *Trends in geography; an introductory survey*, Oxford, 1969, p.9.

15. R Peet, "The development of radical geography in the United States" in R Peet (ed.), *Radical geography* ..., p.21; D Harvey, "Revolutionary and counter-revolutionary theory in geography and the problem of ghetto formation". *Antipode*, VI, 2, 1972, pp.1 - 13.

Alhoewel die geografiese belangstellingsveld dus voortdurend tussen algemene studies van toestande op aarde tot esoteriese benaderings, fragmentasie en spesialisasie wissel, probeer die geograaf tog om die komplekse wêreld om hom te begryp. Aardrykskundiges poog steeds om die vorming en hervorming van die omgewing in terme van die onderlinge afhanklikheid tussen die fisiese omgewing en die mens te verstaan.<sup>16</sup> Juis hierin lê die waarde van dié dissipline vir geskiedenis. Of die historikus 'n probleem navors wat oor 'n kort tyd strek en hom oor 'n klein terrein afspeel, en of hy hom met 'n breë tema in sowel tyd as ruimte bemoei, hy kan nie die omgewing ignoreer nie: "Human thought and action have their springs, not in a spatial vacuum, but in some geographical milieu ... Since every historical event occurs both in space as well as in time, history cannot ... be disassociated from country or place."<sup>17</sup>

Die milieu waarteen historiese gebeurlikhede hom afspeel, is egter nie staties nie. Dit is eerder 'n wêreld in wording, onderhewig aan verandering, selfs binne 'n relatief kort tydperk, hetsy deur natuurlike kragte, hetsy deur die mens as die agent van verandering. Evolusie en rewolusie, sirklus en fluktusie, stagnasie en vooruitgang, tradisie en vernuwing is variasies op die tema van verandering wat sowel die geograaf as die historikus boei en waarin elkeen die ander nuwe insigte kan bied. Daarbenewens het die geograaf 'n lang tradisie om by ander dissiplines te "leen" en die nuwe kennis tot 'n eie sintese te omvorm. Die historikus wat hom dus huiwerig tot 'n interdissiplinêre benadering wend, kan ook in hierdie opsig veel by die geograaf leer.



Deur die eeue het geskiedenis en geografie hegte bande gehad. Aristoteles (383 – 322vC) het onder andere verklaar dat die fisiese omgewing die Griekse nasionale volkskarakter bepaal het.<sup>18</sup> Strabo (63vC – 24nC) het beweer dat Italië as gevolg van sy uitstekende ligging en klimaat, noodwendig die middelpunt van die Romeinse Ryk geword het.<sup>19</sup> Die Moslem-historikus, Ibn Khaldun (1332 – 1406), het in sy werk *Muqaddimah* (Die inleiding tot die geskiedenis) veral aandag aan die uitwerking van die omgewing op die eienskappe van groepe geskenk.<sup>20</sup> Jean Bodin (1530 – 1596) het 'n verband tussen die omgewing en verskillende politieke stelsels gesien,<sup>21</sup> terwyl Montesquieu (1685 – 1755) die geografie se invloed op die ekonomie en regswese waargeneem het.<sup>22</sup> Jules Michelet (1789 – 1874) het verklaar dat geskiedenis op geografie gegrond was en het selfs Frankryk deurkruis om eerstehandse kennis van die veranderende landskap te bekom.<sup>23</sup> In die voorwoord tot die 1869 – uitgawe van sy beroemde werk, *Histoire de France*, het Michelet verklaar: "Waar 'n geografiese basis nie bestaan nie, lyk dit asof die mense, die makers van geskiedenis, op lug loop, net soos in daardie Chinese prente waar die grond ontbreek."<sup>24</sup>

- 
16. WA Nieman, "Perspektief op geografiese navorsing: Gebiedsklassifikasie en gebiedsisteme", *Suid-Afrikaanse Geograaf*, Vol. 5, April 1976, p.237; SS Duncan, "Qualitative change in human geography – an introduction", *Geoforum*, 10, 1979, p.1.  
WG East, *The geography behind history*, London, 1965, p.4.  
RH Fuson, *A geography of geography* ..., p.25.
19. PE James, *All possible worlds; a history of geographical ideas*, New York, 1972, pp.47 – 49.  
20. *Ibid.*, p.69; RH Fuson, *A geography of geography* ..., p.60.
21. PE James, *All possible worlds* ..., p.133.  
L Febvre, *A geographical introduction to history*, 3e uitgawe, London, 1950, pp.4,93; RE Kasperson & JV Minghi (eds.), *The structure of political geography*, London, 1969, p.5.
23. A Marwick, *The nature of history*, London, 1979, p.107.  
*Ibid.*

Dié noue verband tussen geografie en geskiedenis sou in Europa gedurende die twintigste eeu voortduur, maar in Amerika het daar aan die begin van die eeu 'n byna onoorburgbare verwydering gekom. Was dit omdat die moderne Amerikaner as gevolg van tegnologiese vooruitgang begin glo het dat hy so alvermoënd geword het dat 'n passiewe omgewing uitgewis of ten minste volkome beheer kon word? Of was historici so vasgevang in hul eng politieke en diplomatieke temas dat daar van 'n dialoog met ander dissiplines geen sprake was nie? Het die Amerikaners (nes die Suid-Afrikaners) nooit dieselfde klassieke en humanistiese intellektuele tradisie van Europa, waar geografie nog altyd 'n ereplek beklee het, opgebou nie? Die antwoord lê in al hierdie vroeë opgesluit. Tog wil dit voorkom asof geografie aan die begin van die twintigste eeu in onguns by die meeste Amerikaanse historici verval het weens die ontwikkeling van 'n uiterste vorm van omgewingsdeterminisme en die opkoms van die sogenoemde geopolitiek, albei tot 'n mindere of meerdere mate van die Duitse geograaf, Friedrich Ratzel (1844–1904), afkomstig.

Omgewingsdeterminisme was nie 'n nuwe begrip nie. Inteendeel, byna alle historici en geografe het tot laat in die 19e eeu hierdie gedagterigting aangehang. Ratzel het egter, in navolging van Karl Ritter (1779–1859) en Alexander von Humboldt (1769–1859), die vaders van die moderne geografie, probeer om sy waarnemings en bevindings te klassifiseer en sistematies uiteen te sit. In sy werk *Anthropogeographie* het hy sy hoofgedagtes soos volg uiteengesit: die mens is 'n produk van sy omgewing; hy is deur die fisiese kragte wat hom omring, gevorm en is slegs suksesvol in dié mate waarin hy 'n korrekte aanpassing by die natuur se eise maak.<sup>25</sup> Hierdie gedagterigting is in Amerika bekend gestel deur een van Ratzel se ywerigste studente, Ellen Churchill Semple (1863–1932) in haar *Influences of Geographic Environment on the basis of Ratzel's system of Anthropo-Geography*.<sup>26</sup> In blinde navolging van haar leermeester het Semple Ratzel se idees oor die invloed van die omgewing op die lotgevalle van die mens só sterk gestel (sonder sy kwalifiserende opmerkings), en soveel spekulatiewe uitlatings gemaak, dat die meeste historici aan die wetenskaplikheid van geografe begin twyfel het. Ten spyte daarvan dat geografe kort daarna alternatiewe standpunte oor omgewingsbeïnvloeding gestel het, het sosiale en geesteswetenskaplikes wantrouig teenoor die vak gebly.<sup>27</sup>

Dit was egter Ratzel se idee van 'n organiese staat, wat hy noukeurig in sy *Politische Geographie* en veral in sy artikel "Gesetz des raumlichen Wachstums der Staaten" uiteengesit het, wat tot so 'n geweldige reaksie onder historici gelei het, veral nadat sommige politieke geografe dit as 'n kwasi-wetenskaplike regverdiging vir die Duitse gebiedsuitbreiding gebruik het.<sup>28</sup> Die stigma wat aan die geopolitiek gekleef

25. G Taylor (ed.), *Geography in the twentieth century; a study of growth, fields, techniques, aims and trends*, London, 1967, p.7.
26. EC Semple, *Influences of geographical environment on the basis of Ratzel's system of anthropogeography*, New York, 1911. Ellsworth Huntington het soortgelyke idees in sy *Civilization and climate*, New Haven, 1915 en *Mainsprings of Civilization*, New York, 1945, verkondig. Sekere historici soos Walter Prescott Webb, Frederick Jackson Turner en Arnold Toynbee vertoon sekere deterministiese neigings in hulle werke. Kyk in hierdie verband OHK Spate, "Toynbee and Huntington: a study in determinism" in *Geographical Journal*, CXVIII, Des. 1952, p.409.
27. HH Barrows, "Geography as human ecology", *Annals of the Association of American geographers*, Vol. 13, 1923, pp.1–14; L Grossman, "Man-environment relationships in anthropology and geography", *Annals of the Association of American geographers*, 67, 1, 1977.
28. RD Dikshit, "The retreat from political geography," *Area*, Vol. 9, 1977, pp.234–236; DE Nel, "Perspektief op geografiese navorsing; Politieke geografie", *S.A. Geograaf*, VII, 1, April 1979, p.51; RE Kasperson & JV Minghi (eds.), *The structure of political geography* ..., pp.7–8.

het, is ongelukkig op geografie as geheel oorgedra en die aansien van die dissipline het 'n laagtepunt bereik.<sup>29</sup>

Gedurende die dertigerjare het geografie hom op sy beurt gedistansieer van geskiedenis en ander dissiplines wat moontlik sy aanspraak op afsonderlike status in die akademiese wêreld sou kon aantas. Tydens hierdie terugtrekkingsperiode ("The Period of the Great Retreat" soos dit ook bekend staan) het geografie as wetenskap 'n vernouing en begrensing ondergaan wat die Amerikaanse geograaf, Carl Sauer, beskryf as "...pernicious anemia of the 'but-it-is-this-Geography' state."<sup>30</sup> Hierdie toestand van sake, asook die verbrokkeling van geografie gedurende die veertiger- en vyftigerjare in afsonderlike subdissiplines, het samewerking met ander dissiplines, veral geskiedenis, bemoeilik. Verskille, eerder as ooreenkoms, is beklemtoon. Gedurende die sestigerjare toe geografie die sogenaamde "kwantitatiewe rewolusie"<sup>31</sup> betree het, was die raakpunte tussen aardrykskunde en geskiedenis so te sê uitgewis.<sup>32</sup> Selfs historiese geografie as subdiscipline het, volgens een geograaf, a-histories geword en is as minderwaardig beskou.<sup>33</sup> 'n Ander geograaf beweer dat geskiedenis gedurende hierdie tyd "became little more than a static objectified data source, and all that marched through it were abstracted spatial processes purged of social meaning."<sup>34</sup>

In teenstelling met die gebeure en ontwikkelings in die Verenigde State het daar nooit in Europa 'n skeiding tussen geografie en geskiedenis plaasgevind nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die Europeërs omgewingsdeterminisme nooit so ernstig soos die Amerikaners nagevolg het nie. Selfs die Duitse volgelinge van dié gedagte rigting het 'n streeks-, eerder as 'n globale verband benadruk. Die belangrikste rede vir die voortgesette samewerking tussen die twee dissiplines lê egter daarin dat 'n aanvaarbare alternatief tot omgewingsdeterminisme gestel en aanvaar is.

Hierdie alternatief, wat "possibilisme" genoem is, is deur die Franse geograaf, Paul Vidal de la Blache (1845 – 1918) ontwikkel.<sup>35</sup> Hy het aangevoer dat die natuur nie die optrede van die mens beheer nie, maar hom slegs 'n aantal moontlikhede bied. Die wyse waarop daarop gereageer word, word deur die mens se lewenswyse, met ander woorde sy kultuur en tegniese vaardigheid, bepaal. Die Franse historikus, Lucien Febvre, het in sy *La Terre et l'évolution humaine: introduction géographique à l'histoire*<sup>36</sup> die idees van Vidal de la Blache op die geskiedenis toegepas. Dit het een van die sleutelwerke van die Franse *Annales*-skool geword. So hoog is geografie en Vidal de la Blache deur die *Annalistes* aangeslaan dat Fernand Braudel sou opmerk: "Is it necessary to dwell on its (history's) debt to geography ... One of the most influential works as far as history is concerned, perhaps the most influential of all, must surely have been that by Vidal de la Blache, historian by training and geographer by vocation. I would freely declare that the *Tableau de la géographie de la France*, published

WL Blackwell, "Geography, history and the city in Europe and Russia", *Journal of Urban History*, VI, 3, 1980, pp.339,341.

C Sauer, *Land and life*, Los Angeles, p.352.

I Burton, "The Quantitative revolution and theoretical geography", *The Canadian Geographer*, VII, 1968, pp.151 – 162.

MW Mikesell, "The borderlands of geography as a social science" in M Sherif & CW Sherif (eds.), *Interdisciplinary relations in the social sciences*, Chicago, 1969, p.232.

33. L Guelke, "On rethinking historical geography", *Area*, VII, 1975, p.135.

34. SS Duncan, "Qualitative change in human geography – an introduction", *Geoforum*, X, 1979.

35. RH Fuson, *A geography of geography* ..., p.103; PE James, *All possible worlds* ..., p.247; RE Dickinson, *The makers of modern geography*, London, 1978, pp.193,203,239.

36. L Febvre, *A geographical introduction to history* ...

in 1903 ... is a major work, not only of geography, but also in the canon of the French school of history.”<sup>37</sup>

Die noue samewerking tussen geskiedenis en geografie, miskien selfs die annek-sasie van geografie deur geskiedenis, het die Franse historici, onder andere Marc Bloch, Fernand Braudel, E le Roy Ladurie en G Duby in staat gestel om uit die eng kompartement van politieke geskiedenis te breek en 'n breë omvang van menslike ervaring te bestudeer, steeds, soos die skrywer WL Blackwell dit stel, “...set against the contours of the earth and the patterns of nature.”<sup>38</sup> Die Franse historici het terselfdertyd nie teruggedeins om by ander sosiale wetenskappe om hulp aan te klop en, indien nodig, hulle tegnieke te gebruik nie;<sup>39</sup> of soos Braudel dit stel, om “by hulle deure in te gaan en hulle trappe te klim.”<sup>40</sup> Op hierdie wyse is die “stroom” van die geskiedenis wat in hierdie stadium, volgens Hugh Trevor-Roper, gevaaalik laag geloop het, deur hierdie wetenskappe gevoed en versterk.<sup>41</sup>

Die samewerking tussen geograwe en historici in Frankryk is so heg dat historici dikwels geograwe se historiese navorsing en geograwe weer historici se geografiese studies prys. Só het die geograaf, H Baulig, 'n waardering van Marc Bloch getitel, “Marc Bloch, géographe.”<sup>42</sup>

In Engeland en Duitsland was daar ook 'n lang gevestigde tradisie van interdissiplinêre samewerking, alhoewel nooit op dieselfde vlak as in Frankryk nie. Duitse geograwe en historici het veral op die gebied van die plaaslike en streeksgeskiedenis voortreflike werk gelewer. Dit blyk uit die wye verskeidenheid artikels deur albei groepe wetenskaplikes in die belangrike *“Blätter für Deutsche Landesgeschichte”*. Gesofistikeerde navorsingsmetodes, lugfoto's en veldwerk word op groot skaal aange-wend om die reste van vervloë landskappe uit te ken. Pedagogiese navorsing word onder meer gebruik om in beboste dele waar daar geen ander oorblywende kenmerke van vorige plantegroei bestaan nie, die landbou, selfs die soort oeste, van die verlede te bepaal.<sup>43</sup> Belangrike werke oor landbougeskiedenis het gevvolglik die lig gesien. Die omvattende werk van G. Schwarz bevat talle verwysings na publikasies wat handel oor die oorsprong van landelike nedersettings- en veldpatrone.<sup>44</sup> Duitse geograwe en historici het verder veral nou in die opstel van streekshistoriese atlasse saamgewerk. Hierin word nie net belangrike geografiese gegewens verskaf nie, maar ook gedetailleerde historiese navorsingsgegewens aangedui.<sup>45</sup>

- 
- 37. F Braudel, “History and the social sciences: the long dureé”, in sy *On history*, London, 1980, p.17.
  - 38. WL Blackwell, “Geography, history and the city ...”, p.341. Vgl. ook X de Planhol, “Historical geography in France”, in ARH Baker (ed.), *Progress in historical geography*, London, 1972, pp.31– 39; F Roy Willis, “The contribution of the *Annales* school to agrarian history: a review essay”, *Agricultural History*, No. 4, Okt. 1978, pp.538– 548; M Harsgor, “Total history, the *Annales* school”, *Journal of contemporary history*, 13, 1978, pp.1– 13.
  - 39. HD Clout, “The practise of historical geography in France” in HD Clout (ed.), *Themes in the historical geography of France*, London, 1977, p.4; JH Hexter, “Fernand Braudel and the *Monde Braudellien* ...”, *Agricultural History*, IV, 1978, p.483.
  - 40. Aangehaal in JH Hexter, “Fernand Braudel ...”, pp.498– 499.
  - 41. HR Trevor-Roper, “Fernand Braudel, the *Annales*, and the Mediterranean”, *Agricultural History*, IV, 1978, p.468.
  - 42. HD Clout, “The practice of historical geography in France”..., p.3. Vgl. ook M Chisholm, “Theory and construction in geography”, *S.A. Geograaf*, VI, 2, 1978, p.117.
  - 43. H Jäger, “Historical geography in Germany, Austria and Switzerland” in ARH Baker (ed.), *Progress in Historical Geography*, London, 1972, p.58; H Rubner, “Wald und Siedlung im Frühmittelalter am Beispiel der Landschaften zwischen Alpen und Main”, *Ber. z. deutschen Landeskunde*, 32, 1964, pp.114– 127.
  - 44. G Schwarz, *Allgemeine Siedlungsgeographie*, Berlyn, 1966.
  - 45. H Jäger, “Historical geography in Germany ...”, p.62.

In Brittanje is die monumentale *History of Civilization in England*<sup>46</sup> van HT Buckle 'n uitstekende voorbeeld van die wyse waarop historici in die 19e eeu geografiese gegewens gebruik het. Alhoewel Buckle in sy werk omgewingsdeterminisme voorgestaan het en dit later deur vooraanstaande Britse historici gekritiseer is, is geografie nie gediskrediteer nie en het die samewerking tussen die twee vakke voortge duur.<sup>47</sup> Die rekonstruering van ou landskappe het veral in Engeland aandag ontvang. Uitstekende voorbeeld hiervan is in die groot verskeidenheid artikels, opstelle en monografieë van HC Darby te vind, waarvan die belangrikste *An Historical Geography of England before 1800* en *Domesday Geography of Eastern England* is.<sup>48</sup> Sedert die jare vyftig het die ondersoekterrein na die moderne geïndustrialiseerde gebied verskuif, en inbringende navorsing oor Britse stede, asook die sosiale en ekonomiese veranderings wat daar mee gepaard gegaan het, is reeds aangepak.<sup>49</sup> Alhoewel persepsiestudies nog nie op 'n wye en georganiseerde grondslag onderneem is nie, is 'n aantal insiggewende werke reeds voltooi, onder andere 'n studie van Skotland soos die bekende skrywer, sir Walter Scott, dié land in sy werke uitgebeeld het.<sup>50</sup>

Ten spye van die lang jare van verwydering tussen geskiedenis en geografie in die VSA, het daar in die laaste tyd 'n kentering gekom. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die bevraagtekening van tradisionele historiese metodes, die nuwe interdissiplinêre benadering in die sosiale wetenskappe en die invloed van die Franse *Annales*-skool. Sedert die sewentigerjare is onderwerpe aangepak wat wissel van die veranderde natuurlike en kulturele landskap, landelike besettingspatrone, bevolkingsverspreiding en migrasies in die verlede tot studies oor stedelike ontwikkeling. Veral op laasgenoemde gebied het stedelike geograwe met hul teoretiese en metodologiese agtergrond en ervaring, onskatbare hulp aan historici verleen.



Die hulp wat die historikus uit die geografie kan put, omvat veel meer as die raadpleging van 'n atlas om die ligging van 'n land, stad of gevegsterrein te bepaal. Historiese geograwe het reeds uitstekende werk verrig om die geografie agter die geskiedenis te belig, vervloë landskappe te rekonstrueer en die ontwikkeling van die kulturele landskap aan te dui.<sup>51</sup> Geografie kan die historikus veral op die gebied van klimaatsgeschiedenis, persepsie van die landskap in die verlede en streeks- en verstedelikingsgeschiedenis van groot hulp wees, veral omdat hy toenemend vind dat sy tradisionele metode – die bestudering van dokument – nie al die antwoorde op hierdie studieterreine verskaf nie. Geograwe het hulle egter al 'n geruime tyd op hierdie gebiede ingewerk en wend tans opwindende nuwe hulpbronne ter bestudering van hierdie onderwerpe aan.

Op die gebied van klimaatstudies is geograwe tans in staat om met behulp van

46. Buckle, *History of Civilization*, Oxford, 1872.

WL Blackwell, "Geography, history and the city ...", p.345.

HC Darby (ed), *An historical geography of England before 1800*, Cambridge, 1936 en sy *The Domesday geography of eastern England*, Cambridge, 1952.

49. HJ Dyos (ed.), *The study of urban history*, London, 1968, bevat 'n uitstekende seleksie artikels oor Britse stede.

50. JH Paterson, "The novelist and his region: Scotland through the eyes of Sir Walter Scott", *Scottish Geographical magazine*, 81, 1965, pp.146–152.

51. AJ Christopher, "Perspective on geographical research: the present state of historical geography", *S.A. Geograaf*, IV, 4, 1974, pp.340–342.

hoogs gespesialiseerde metodes die klimaat, verbouingsmetodes en vestigingspatrone van die verlede wetenskaplik te rekonstrueer.<sup>52</sup> So word die temperatuur, reënval en selfs die windsterkte van honderde jare gelede uit sulke ongewone bronne soos boomringe (dendrochronologie),<sup>53</sup> sediment op die bodem van mere (stratigrafie) en riviere (sedimentologie),<sup>54</sup> grondsoorte (pedologie),<sup>55</sup> gletsers (gletserkunde),<sup>56</sup> mos (lichenometrie), asook herhalende verskynsels soos oeste en migrasies (fenologie) opgebou.<sup>57</sup> Die chronologie van klimaatgeskiedenis het voorts deur die aanwending van radio-koolstofdatering, kalium-argon- en torium-uraan-analise en deur die studie van suurstof-isotope en paleo-magnetiese datering<sup>58</sup> tot so 'n peil gevorder dat objektiewe kwantitatiewe gegewens verskaf kan word.<sup>59</sup> Historici kon met behulp van hierdie inligting langtermyn klimatologiese verandering in die verlede<sup>60</sup> sowel as klimaatsfluktuaties oor 'n korter tydperk bepaal.<sup>61</sup> Die gegewens het ook tot 'n groot mate die dikwels subjektiewe uitsprake van waarnemers oor die klimaat aangevul.<sup>62</sup> Alhoewel sekere historici wat oor klimaatgeskiedenis werk nie eenvoudige klimatologiese verklaarings vir gebeurtenisse kon vind nie,<sup>63</sup> het ander kousale verbande tussen klimaat en ekonomie aangedui.<sup>64</sup>

Persepsiegeografie is 'n ander subdissiplīne wat nuwe dimensies in die geskiedeniswetenskap kan open. Geograwe bestudeer nie net die werklike of reële wêreld nie, maar ook die denkbeeldige omgewing — die landskap soos die mens as subjektiewe,

- 
52. WG East, *The geography behind history* ..., pp.42 – 55; E le Roy Ladurie, "History without people: the climate as a new province of research" in sy *The territory of the historian*, Hassocks, 1979; RA Bryson & C Padock, "On the climates of history". *Journal of Interdisciplinary History*, X, 4, 1980, p.597.
53. HC Fritts, GR Lofgren & GA Gordon, "Past climate reconstructed from tree rings". *Journal of interdisciplinary history*, X, 4, 1980.
54. T Webb, "The reconstruction of climatic sequences from botanical data". *Journal of interdisciplinary history*, X, 4, 1980, pp.749 – 772.
55. A Semmel & R Machann, "Historische Bodenerosion auf Wüstungsfluren deutscher Mittelgebirge". *Geographische Zeitschrift*, 95, 1970, pp.250 – 66. Kyk ook AB Hulbert, *Soil: its influence on the history of the United States with special reference to migration and the scientific study of local history*, New York, 1969.
56. E le Roy Ladurie, "Writing the history of the climate", in sy *The territory of the historian* .... pp.287 – 291.
57. E le Roy Ladurie & M Baulant, "Grape harvests from the fifteenth through the nineteenth centuries". *Journal of interdisciplinary history*, X, 4, 1980, pp.839 – 849.
58. HH Lamb, *Climate; present, past and future II: Climatic history and the future*, New York, 1978, p.424.
59. RA Bryson & C Padock, "On the climates of history ..." pp.583-586.
60. E le Roy Ladurie, *Times of Feast, times of famine*, New York, 1971.
61. HH Lamb, *Climate; present, past and future* ..., p.424.
62. *Ibid.* , pp.243 – 244; D Herlihy, "Climate and documentary sources: a comment". *Journal of interdisciplinary history*, X, 4, 1980, pp.714 – 716.
63. DH Fischer, "Climate and History: priorities for research". *Journal of interdisciplinary history*, X, 4, 1980, p.824.
64. DH Fischer, "Climate and history ...". p.825; R Murphrey, *The scope of geography*, Chicago, 1972, p.59; PD Tyson, "The enigma of changing world climates". *South African Geographical Journal*, 59.2.1977; RA Bryson & C Padock, "On the climates of history ...". p.583. Rhys Carpenter beweer in sy *Discontinuity in Greek civilization*, New York, 1968 dat die agteruitgang van Mycenae nie aan 'n Doriese inval gewy kan word nie, maar eerder aan 'n langdurige droogte wat die landbou so ontwrig het, dat die bevolking die gebied verlaat het. Vgl in hierdie verband ook RA Bryson, HH Lamb & DL Donley, "Drought and the decline of Mycenae". *Antiquity*, 48, pp.46 – 50.

wisselvallige wese dit ervaar en sien.<sup>65</sup> Hierdie persepsie word natuurlik deur sosio-ekonomiese toestande, motiewe en houdings beïnvloed en versterk.<sup>66</sup> Die bestudering van die samehang tussen persepsie en mense se besluite en optrede in hul landelike sowel as stedelike omgewing, het tot betekenisvolle insigte in migrasiepatrone, landskapbewerking, redes vir nedersetting en dies meer geleei.<sup>67</sup> Ondersoeke van hoe verskeie kultuurgroepe dieselfde gebied waarneem en op verskillende wyses die natuurlike hulpbronne as gevolg van hul onderskeie doelwitte eksploteer, asook in hoe 'n mate hulle hul met 'n gebied identifiseer, het interessante resultate opgelewer.<sup>68</sup> Histories-geografiese studies is ook reeds op hierdie gebied aangepak, veral in die Verenigde State, Australië en Suid-Afrika. Daar is byvoorbeeld gelet op die persepsie van Europese koloniste wat met heeltemal andersoortige omgewings as dié van hulle moederlande gekonfronteer is.<sup>69</sup>

In die afgelope paar jaar is die aandag van historici toenemend deur streeks- en verstedelikingsgeskiedenis geboei. Op hierdie terreine is 'n geografies-historiese benadering onontbeerlik. Geograwe het ten opsigte van metodes, tegnieke, modelle en teorieë 'n groot bydrae tot die bestudering van die stad gelewer wat die stedelike historikus nie durf ignoreer nie. Streekstudies is eweneens 'n bekende ondersoekveld vir geograwe. Die uitgebreide literatuur in geografiese tydskrifte is 'n uitstekende handleiding vir die streeks- of stedelike historikus wat hom op dié gebied waag.<sup>70</sup>

Dit is gevvolglik duidelik dat geskiedenis en geografie soveel raakpunte het dat interdissiplinêre samewerking onvermydelik is. Om egter werklik waarde uit die geografie te kan put, sal noodwendig meebring dat die historikus met vreemde tegnieke, procedures en metodes vertroud moet raak. Dit sluit byvoorbeeld die interpretasie van lugfoto's, die vergelyking van kaarte om veranderings in die kultuurlandskap te identifiseer, die aanwending van statistiese metodes, die gebruik van die rekenaar, ensvoorts, in. Dit beteken ook dat die historikus buiten die erkende en bekende argivale navorsing, ook ongewone bronne sal moet vind en leer om dit te ontgin. Die geskiedenisstudent sal ook telkens sy geskrewe dokumente-materiaal eenkant toe moet skuif om die fisiese omgewing waarin sy verhaal afspeel, te gaan verken. Hier kan die geograaf hom bystaan om die reste van vervloë landskappe in die huidige omgewing te herken. Moontlik kan die geograaf die historikus help om "geografiese" vrae aan bekende dokumente te stel, en hom aanmoedig om temas aan te pak wat tot dusver in die tradisionele geskiedskrywing verwaarloos is.

Dit beteken nie dat die geografie die komplekse, totale geskiedenisbeeld sal voltooi nie. Die fisiese omgewing is en bly slegs 'n klein komponent van die ingewikkelder

Vgl. o.a. HC Prince, "Real, imagined and abstract worlds of the past" in C Board, e.a. (eds.), *Progress in Geography; international reviews of current research*, 3, London, 1971, pp.1 – 87; RM Downs, "Geographic space perception: past approaches and future prospects" in C Board, e.a. (eds.), *Progress in geography; international reviews of current research*, 2, London, 1970, p.67; D Lowenthal, "Geography, experience and imagination: towards a geographical epistemology", *Annals of the Association of American geographers*, 51, 1961, p.260; JF Butler-Adam, "Perspective on geographical research; '...Deep as the sea': Images from the world of behavioural geography", *South African Geographer*, 6, 1, 1978, p.57.

66 JF Butler-Adam, "Perspectives on geographical research ..." p.67.

TF Saarinen, "Environment perception", in IR Manners & MW Mikesell (eds.), *Perspectives on environment*, Washington, n.d., pp.252 – 289.

A Spoehr, "Cultural differences in the interpretation of natural resources", in W Thomas (ed.), *Man's role in changing the face of the earth*, Chicago, 1956, pp.93 – 102.

RH Brown, *Mirror for Americans: likeness of the eastern seaboard, 1810*, New York, 1943.

AG Oberholster, "Streekgeskiedenis en die historikus", *Contrec*, VI, 1979, pp.29 – 31.

totaliteitspatroon van die verlede. Maar omdat die historikus steeds na 'n omvattende geskiedenisbeeld behoort te streef, moet hy hom vergewis van die omgewing waarin die mens in die verlede opgetree het. Hy moet leer om weer die aarde raak te sien. Dit moet hy doen sonder om 'n veralgemening te maak dat die natuur enersyds bepalend of andersyds onbeduidend in die geskiedenis was. Uiteindelik kan die geografie dus slegs daarop aanspraak maak dat die fisiese omgewing, "like the wicket in cricket, owing to its particularities from place to place and from time to time, had some bearing on the course of the game."<sup>71</sup>



Alhoewel die verhouding tussen mens en omgewing in Suid-Afrika dringende aandag verg<sup>72</sup> het die Suid-Afrikaanse historikus tot dusver weggeskram van hierdie ondersoekterrein, in teenstelling met sy Kanadese en Australiese eweknie. Die bekendste handboeke oor die algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis bevat, indien enige, skrale verwysings na die fisiese omgewing. TRH Davenport verklaar wel in die eerste paraagraaf van *South Africa. A modern history* dat "The historic distribution of people in southern Africa depended directly on the weather and the soil",<sup>73</sup> maar die saak word daar gelaat; die bewering word nie in die res van die boek bewys nie. In die *Oxford History of South Africa*<sup>74</sup> word slegs 'n paar bladsye aan die geografie van die land gewy, in teenstelling met byvoorbeeld WB Fisher se *Cambridge History of Iran*,<sup>75</sup> waar die hele eerste band van 784 bladsye 'n omvattende geografiese oorsig van die land verskaf. In ander algemene werke word 'n paar kaarte van Suider-Afrika ingesluit, maar dié is een-dimensioneel en glad nie in die teks van die werke geïnkorporeer nie. Gelukkig het 'n aantal geograwe en selfs sosioloë, antropoloë en argeoloë hierdie ondersoekterrein betree en sodoende 'n waardevolle navorsingsonderbou verskaf waarop historici kan voortbou.

Van die belangrikste algemene werke in histories-geografiese verband is dié van AJ Christopher,<sup>76</sup> NC Pollock en S Agnew,<sup>77</sup> en die ouer werk van CP Lucas.<sup>78</sup> Hierdie studies het almal ernstige leemtes, maar 'n poging is desnieteenstaande aangewend om 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse landskap in die verlede te gee.

Nie slegs die werklike landskap nie, maar ook teenstellende en veranderende persepsies van die vervloë landskap is nagevors, onder meer deur AJ Christopher,<sup>79</sup> A Kienetz<sup>80</sup> en JB McI Daniel.<sup>81</sup> Christopher het byvoorbeeld bevind dat baie van die

WG East, *The geography behind history* .... p.8.

KSO Beavon & CM Rogerson, "Trekking on: recent trends in the human geography of southern Africa". *Progress in human geography*, 5, 2, 1981, p.161. Hierdie artikel bevat 'n uitstekende bibliografie waarin die vernaamste werke oor die menslike geografie in Suid-Afrika aangedui word. TRH Davenport, *South Africa. A modern history*, 2e uitgawe, London, 1978.

M Wilson & L Thompson (eds.), *The Oxford History of South Africa*, I & II, Oxford, 1969. Cambridge, 1968.

AJ Christopher, *Studies in Historical Geography, Southern Africa*, Folkstone, 1976.

NC Pollock & S Agnew, *An Historical geography of South Africa*, London, 1963.

CP Lucas, *A Historical geography of the British colonies*, Vol. IV, *South Africa, History to 1895*, Oxford, 1896.

AJ Christopher, "Environmental perception in Southern Africa". *South African Geographical Journal*, 55, 1973, pp.14 - 22; "Natal: the nineteenth century English emigrant's Utopia? An appraisal of emigration literature," *Historia*, 18, 1973, pp.112 - 124.

A Kienetz, *Nineteenth century South-west Africa as a German settlement colony*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Michigan, 1976.

JB McI Daniel, "A geographical study of pre-Shakan Zululand" *The South African Geographical Journal*, 55, 1973, pp.343 - 350.

mislukte kolonisasieskemas in Suid-Afrika aan 'n oor-optimistiese beoordeling van die landskap toegeskryf kan word<sup>82</sup> — 'n ondersoekveld waaraan historici gerus aandag kan wy.

Oor die geskiedenis van die verstedelikingsproses in Suider-Afrika het daar reeds 'n groot aantal artikels verskyn<sup>83</sup> wat as raamwerk vir historiese studies kan dien. Die swart verstedelikingsproses geniet ook die aandag van geograwe<sup>84</sup> maar swart woongebiede, of stede, soos Soweto, is tot dusver grootliks geïgnoreer.<sup>85</sup>

Die grensgebied is 'n ondersoekveld waarin geograwe hulle ook ingewerk het. Leonard Guelke het onder andere die vroeë besetting van die Kaapse grensgebied<sup>86</sup> gedurende die Nederlandse bewind nagegaan, terwyl AJ Christopher hom in sy reeds genoemde werke veral op die Natalse grensgebied toegespits het. RC Harris en L Guelke<sup>87</sup> het op vergelykende grondslag te werk gegaan en die Suid-Afrikaanse grensgebied met dié in Kanada vergelyk.

Die besettingspatrone wat op die kolonisasie van Suid-Afrika deur Europeërs gevolg het, sowel as die grondtoekenningsbeleidsrigtings van regerings, is 'n onderwerp wat veral deur AJ Christopher ondersoek is.<sup>88</sup> Hy dui onder meer aan dat sekere dele van Suid-Afrika, veral Natal, 'n uiterst kompleks stelsel van grondtoekenning gevolg het wat 'n besliste uitwerking op die besetting en eksplorering van natuurlike hulpbronne en die gevolglike ekonomiese ontwikkeling van die gebied gehad het. Die werk van FJ Potgieter oor die vestiging van Blanke in Transvaal gedurende die 19e eeu,

- 82. AJ Christopher, "Perspective on geographical research: the present state of historical geography". *Suid-Afrikaanse Geograaf*, IV, 4, 1974, p.344.
- 83. RJ Davies, "The growth of the Durban metropolitan area", *South African Geographical Journal*, 45, 1963, pp.15 – 43; TJD Fair & JG Browett, "The urbanization process in South Africa" in DT Herbert & RJ Johnson (eds.), *Geography and the urban environment: progress in research and applications*, Chichester, 1979, pp.259 – 294; JG Browett & TJD Fair, "South Africa, 1870 – 1970: a view of the spatial system", *South African Geographical Journal*, 56, 1974, pp.111 – 120; TJD Fair & RJ Davies, "Constrained urbanization: white South Africa and black South Africa compared" in BJL Berry (ed.), *Urbanization and counter-urbanization*, Beverley Hills, 1976, pp.145 – 168; T Hart, "The evolving pattern of elite white residential areas of Johannesburg 1911 – 1970", *South African Geographical Journal*, 58, 1976, pp.68 – 75; RF Haswell, "South African towns on European plans". *Geographical Magazine*, 51, 1979, pp.686 – 694; TJD Fair, "The core periphery concept and population growth in South Africa, 1911 – 1960", *South African Geographical Journal*, 47, 1965, pp.59 – 71; DH Davies & KSO Beavon, "Changes in land-use patterns in central Cape Town, 1957 – 1964", *Environmental Studies* (University of Witwatersrand, Occasional Paper, 10); MH Browett, *The simulation of residential growth north of Johannesburg*. Ongepubliseerde MSc-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1976.
- 84. N Kagan, *African settlements in the Johannesburg area, 1903 – 1923*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1978; P Smit & JJ Booyens, *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie*, Pretoria, 1981.
- 85. KSO Beavon and CM Rogerson, "Trekking on ...", p.172. Daar bestaan wel die kort artikel van PRB Lewis, "A 'City within a City' – The creation of Soweto", *South African Geographical Journal*, 48, 1966, pp.48 – 56.
- 86. L Guelke, "Frontier settlement in early Dutch South Africa", *Annals of the Association of American Geographers*, 66, 1976, pp.25 – 42.
- 87. RC Harris & L Guelke, "Land and society in early Canada and South Africa", *Journal of Historical Geography*, 3, 1977, pp.135 – 153.
- 88. O.a. A.J. Christopher se "The British settlement of Natal, 1848 – 1851; a geographical appraisal". *Journal for Geography*, 3, 1969, pp.485 – 499; "Colonial land policy in Natal", *Annals of the Association of American Geographers*, 61, 1971, pp.560 – 575; "Government land policies in South Africa" in RG Ironside, VB Proudfoot, et al (eds.), *Frontier settlement*, Edmonton, 1974, pp.208 – 225; "The variability of the Southern African standard farm", *South African Geographical Journal*, 58, 1976, pp.107 – 117.

fokus op die mens-omgewing-verhouding in die noordelike deel van Suid-Afrika.<sup>89</sup> Hierdie werk berus op noukeurige navorsing en is moontlik die beste geografies-historiese studie wat tot dusver in Suid-Afrika gedoen is.

Met betrekking tot die streeksgeskiedenis het die veelsydige en produktiewe AJ Christopher ook baanbrekerswerk verrig met sy studies oor die Natalse binneland-streek,<sup>90</sup> die Natalse kusgordel<sup>91</sup> en die verband tussen historiese geografie en plaaslike of streeksgeskiedenis.<sup>92</sup> Ongelukkig is die studies, alhoewel oorspronklik, nie altyd indringend nie. Melding moet ook van die tydskrif, *Contree*, gemaak word, waarin daar reeds 'n aantal uitstekende artikels oor streeks- en stedelike geskiedenis verskyn het.

Demografiese studies met 'n geografiese inhoud is nog beperk, hoofsaaklik omdat sensusstatistieke voor die 20e eeu in Suider-Afrika ontoereikend en selfs heeltemal onbetroubaar is. Tog het belangrike werke<sup>93</sup> die lig gesien. Historici behoort hul voorbeeld te volg: so 'n belangrike onderwerp kan nie langer verwaarloos word nie.

Die benuttingsmoontlikhede van geografiese studies in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is feitlik onbeperk. Nedersettingspatrone is byvoorbeeld 'n studieveld wat in die Verenigde State van Amerika en in Australië wye belangstelling onder historici geniet, maar is tot dusver nog in Suid-Afrika afgeskeep. Europese immigrante-groepe wat hulle in Suid-Afrika gevëstig het, het elkeen 'n wye verskeidenheid vaardighede gehad en dit, sowel as hul persepsie van die landskap, het 'n uitwerking op hulle nedersettingspatrone gehad. So kan die nedersettingspatrone van die Nederlanders, Engelse en Duitsers byvoorbeeld met mekaar vergelyk word. Die nedersettingspatrone van Swartes is 'n ander terrein wat nog heeltemal braak lê. Hoe het die Difaqane dit byvoorbeeld beïnvloed? Hoekom het die nedersettingspatrone van die Sotho-Tswana met dié van die Nguni verskil? Hoe het latere wetgewing veranderinge in nedersettingspatrone afgedwing? Dié en talle ander vrae is nog nie bevredigend beantwoord nie.

Die grondtoekenningsbeleid van verskillende regerings en die invloed wat dit op die landskap gehad het, is 'n onderwerp, wat, hoewel dit deur geografe behandel is, nog baie moontlikhede inhoud. In Australië het SH Roberts byvoorbeeld 'n omvattende *History of Australian land-settlement, 1788—1920*<sup>94</sup> die lig laat sien en 'n soortgelyke studie sal in Suid-Afrika van die uiterste belang wees.

Die wyse waarop die mens die Suid-Afrikaanse kulturele landskap verander het, is 'n ondersoekgebied wat gesamentlik deur historici en geografe aangepak behoort te word. Dit is reeds duidelik dat die mens deur sy verbouing van grond, die uitkap van woude, dreinering van moerasse, grondherwinningspogings, besproeiingskemas, industriële en stedelike ontwikkeling, die bou van vervoerweë en dies meer, die omgewing drasties kan verander. Die historikus kan met vrug hierdie veranderings bestudeer en byvoorbeeld vra wanneer die veranderings begin het, hoekom dit huis op daar-

89. FJ Potgieter, "Die vestiging van die Blanke in Transval (1837 – 86) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing". *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1958, Deel 11.

90. AJ Christopher, "The Natal interior". *Contree*, VI, 1979, pp.18 – 23.

91. AJ Christopher, "The Natal coastal belt". *Contree*, II, 1977, pp.5 – 11.

92. AJ Christopher, "Historical geography and local history". *Contree*, I, 1977, pp.11 – 15.

93. TJD Fair, "The core-periphery concept and population growth in South Africa, 1911 – 1960". *South African Geographical Journal*, 47, 1965, pp.59 – 71; R Moorsom, "Underdevelopment and class formation: the origins of migrant labour in Namibia, 1815 – 1915" in T Adler (ed.), *Perspectives on South Africa – a collection of working papers* (University of Witwatersrand, African Studies Institute), pp.3 – 50.

94. London, 1968.

die tydstip plaasgevind het, in watter orde dit voorgekom het, watter uitwerking dit op sosio-ekonomiese gebied gehad het, ensovoorts. Op dieselfde wyse kan daar gelet word op die uitwerking van oorbeweiding, verkeerde landboumetodes en erosie op die ontwikkeling van 'n bepaalde gebied. Die geograaf, WC Els, het byvoorbeeld in sy studie van die besproeiingswerke van die Groot Visriviergebied aangedui dat belangrike veranderings as gevolg van die mens se bedrywighede aldaar plaasgevind het.<sup>95</sup> Soortgelyke studies kan deur historici aangepak word.

Die mens se invloed op die plante- en dierelewé — veral kwesbaar vir menslike inmenging — behoort onder die soeklig van die historici te kom. Dit is veral vreemd dat die geskiedenis van jag en die uiteindelike uitroeiing van wild nog nooit werklik nagevors is nie, ten spyte daarvan dat dit so 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. Die geskiedenis van jag is byvoorbeeld reeds in die VSA en in Europa aangepak<sup>96</sup> en dien as uitstekende voorbeeld vir ooreenstemmende studies in Suid-Afrika. Die versteuring van die inheemse plantegroei deur die mens en sy vee-troppe, en die verspreiding van uitheemse plantegroei, is 'n verdere onontgindde terrein. Op hierdie gebied is die historikus, Beverley Ellis, van die Universiteit van Natal, besig met 'n baanbrekerstudie oor die uitwerking wat die Blanke setlaars op die verandering van die plantelewé in Natal gedurende die 19e eeu gehad het. Hierdie boeiende soort onderwerp verdien navolging.

Dit is verstommend dat die geskiedenis van droogte — so 'n kenmerkende verskynsel in die Suid-Afrikaanse samelewing — nog nooit indringend ondersoek is nie. Die literatuur oor die geskiedenis van droogte in ander wêreldele is omvangryk.<sup>97</sup> Historici in Suid-Afrika kan byvoorbeeld let op die invloed van droogte op marginale gebiede waar klein klimaats- of landskapsveranderings dikwels 'n kumulatiewe uitwerking tot gevolg gehad het en verarming en ontvolking dikwels plaasgevind het en nog steeds plaasvind. Die verspreiding van die semi-woestyngebied in Suid-Afrika is 'n werklikheid. Die wyse waarop droogte en die mens daar toe bygedra het en die daaropvolgende invloed op die mens, is temas wat aandag behoort te geniet. Die persepsie van droogte en hoe dit die mens se ekonomiese bedrywighede beïnvloed het, is 'n ander interessante ondersoekgebied wat byvoorbeeld reeds in Australië nagevors is. RL Heathcote het onder meer die verskille in die amptenare se persepsie van die droë Australiese binneland met dié van die koloniste vergelyk en aangetoon hoe dit grondgebruik en grondtoekenning beïnvloed het.<sup>98</sup> Die invloed van droogte op die mentaliteit van die Suid-Afrikaanse boere verdien ook die aandag.

Verstedeliking is 'n ondersoekterrein wat tans al hoe meer die aandag van historici geniet, maar daar is nog 'n gebrek aan 'n omvattende beeld van die aard en wese van stedelike gebiede in Suid-Afrika. Geografie het 'n lang tradisie van ondersoek na die redes vir verstedeliking, en historici kan veral op hierdie terrein veel baat vind deur interdissiplinêr saam te werk.

Wanneer gepleit word om 'n groter mate van interdissiplinêre samewerking tussen geografie en geskiedenis in Suid-Afrika, beteken dit nie noodwendig dat om-

95. WC Els. "Die besproeiingsaksie in die Groot-Visrivierbesproeiingsdistrik tot 1925". *Journal for Geography*. III. 1968. pp.115 – 126.

96. J Fisher. "Wildlife in danger". in TR Detwyler (ed.). *Man's impact on environment*. New York, 1971. pp.625 – 635; H Dembeck. *Animals and men*. New York, 1965.

97. Kyk bv. die bronnelys in die artikel van J Nanuas. "Severe drought and recent history". *Journal of interdisciplinary history*. X. IV. 1980. pp.697 – 712.

98. RL Heathcote. *Back of Bourke: a study of land appraisal and settlement in semi-arid Australia*. Melbourne, 1965.

gewingsdeterminisme toegepas moet word nie. Die meeste geograwe het reeds die idee verwerp dat die fisiese omgewing die mens se aktiwiteit bepaal; sommige beweer dat die fisiese omgewing as 'n faktor in menslike bedrywighede geheel en al uitgeskakel moet word.<sup>99</sup> Ander het 'n middeweg gekies en die belangrike verhouding tussen mens en omgewing, min of meer volgens Vidal de la Blache, aangetoon.<sup>100</sup> Omgewingsdeterminisme en possibilisme is vervang deur "kulturele ekologie" wat beteken dat die natuur en kultuur nie as teenstrydige of afsonderlike entiteite beskou word nie, maar eerder as ineengestrengelde komponente van 'n ekosisteem. J Norwine en TD Anderson beskryf kulturele of menslike ekologie soos volg: "Although not static, the environment consists of a complex of systems which perform according to scientific principles. Man lives within the natural complex and is subject to ecological restraints. Nonetheless the unpredictable variable in the equation is human choice manifested through technology."<sup>101</sup>

In hierdie lig beskou is daar baie moontlikhede vir navorsing in die mens-omgewing-verhouding in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Alle bevolkingsgroepe is op een of ander wyse deur die omgewing beperk en het in soverre hulle tegnologiese vermoëns dit toegelaat het, die omgewing ooreenkomsdig hulle behoeftes en wense op 'n spesifieke tydstip benut. So 'n bestudering van die "invloed" van die fisiese omgewing is 'n lewensvatbare ondersoekterrein.

Dit is te hope dat die historikus die kans sal benut en hom nie sonder meer in sy gerieflike akademiese laer sal terugtrek waar hy in 'n kokon van sy eie konsepte, kategorieë en metodes hom van buite-invloed isoleer nie. Dit beteken nie dat hy slaafs geografiese modelle, navorsingstegnieke, teorieë en analises moet aanvaar of navolgnie. Al wat gehoop word is dat hy die teoretiese en metodologiese ruigte in sy eie dissipline sal wegkap en toenemend bewus word van die werk van nie-historici wie se ondersoekterrein ook Suider-Afrika is. Op so 'n wyse kan die geograaf die historikus bystaan om 'n meer betekenisvolle ontleding van historiese probleme te gee. Miskien kan die geografie help om die Suid-Afrikaanse historiese figure wat in baie opsigte nog in die lug rondsweef op die vaste aarde terug te plaas.

- 
99. JF Hart, "The Middle West", *Annals of the Association of American Geographers*, 62, 1972, pp.258 - 282.
100. Vgl. ook E Rostlund se uitspraak: "Environmentalism was not disproved, only disapproved" in sy artikel "Twentieth century magic", *Landscape*, 5, 1956, pp.23 - 26.
- J Norwine & TD Anderson, *Geography as human ecology?*, Lanham, 1980, p.56.